

4 Maart

**Skrifgedeelte: Psalm 18**

**Fokusgedeelte: Psalm 18:2-3, 7, 31-32, 47-48**

### **Ek loof Hom wat my rots is**

'n Psalm van Dawid vir die leier van die orkes. Dawid, wat die Here dien, het die Psalm geskryf toe God hom gehelp het. Dit is 'n dankbare mens wat hier sing – 'n danklied vir verlossing met 'n troosvolle boodskap. Die Here help in nood. Hierdie dankpsalm van Dawid kom, afgesien van kleinere verskille, net so in 2 Samuel 22 voor.

Amper aan die einde van sy lewe dank hy God vir sy beskerming tydens die talle gevare wat sy lewe bedreig het, en vir die oorwinnings wat die Here vir hom beskik het. Dit is gepaste woorde vir iemand wat uit 'n konkrete noodsituasie vrygekome het. Binne die konteks van die Psalmbundel is Psalm 18 egter ook 'n danklied vir elkeen wat die hulp van God ervaar.

Die grondtoon van diepe dankbaarheid en die verkondiging van die lof van die Here is sterk in hierdie psalm aanwesig. Die digter besing die mag van die Here. Die digter beklemtoon ook die besondere verhouding tussen die Here en sy dienaar en die innigheid van sy verhouding tot die Here. In sy woordkeuse sluit die belydenis *Ek het U baie lief, Here, my Sterkte* (vs. 2) aan by die tere moederliefde vir 'n pasgebore kind.

Omdat die Here leef, is Hy 'n rots, 'n bron van sekuriteit, die enigste Redder. Die psalm eindig soos dit begin het. Net God kan die oorwinning gee. Verlossing roep om 'n antwoord, die verlose kan nie anders as om God te loof nie. Dit is immers God wat 'n rots, 'n skuilplek en 'n redder is. Die boodskap van Psalm 18 is eenvoudig en aangrypend: *Die Here help in nood!* Ek weet God is vir my 'n vaste en onwankelbare bron van sekuriteit. Daarom loof ek God.

Sing: Psalm 18:1, 14

Dr. PW Bingle (Emeritus)